

11 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:41-48
Fokusgedeelte: Psalm 119:43

Die Woord in ons mond

Sondag na Sondag hoor ons in die ere diens hoe die wet van die Here afgekondig word. Ons hoor die wonder van die evangelie in Jesus Christus. Paulus praat daarvan in Romeine 10 dat die evangelie gehoor moet word in die prediking. Net so belangrik soos die aanhoor van die Woord is ook die verkondiging van die Woord. In die *Wau*-gedeelte van Psalm 119 gaan dit oor die heerlikheid om die wet van die Here te kan verkondig.

Om die Woord van die Here te verkondig, sien die digter dat dit van kardinale belang is dat die Woord in sy binneste leef. Ons digter beleef hoe die wêreld eintlik veragterend op hom neerkyk terwyl hy met alles volgens die Woord van die Here wil leef. Te midde van hierdie omstandighede vind hy steeds sy uitkoms in die Woord.

Die Woord leer hom egter nie net om die aanslag van die wêreld stil te verduur nie, maar ook hoe om op hierdie aanslag te antwoord. Verder gee die Woord nie net 'n antwoord vir die wêreldse aanslag nie, maar dit leer ook die digter om in die midde van die aanslag steeds gehoorsaam aan God te leef. Die Woord lê nie net in die hart verborge nie en word ook nie net in die wind gespreek nie, maar word sigbaar in die daede van die gelowiges.

Dit wat hier beskryf word, sien ons in volmaaktheid in die geskiedenis toe Christus die versoeking van Satan weerstaan het. Satan het gekom en die Woord so verdraai dat dit eintlik 'n bespotting van die waarheid maak. Tog het Christus elke versoeking met die waarheid van die Woord weerlê. Die Woord van sy Vader was in sy mond.

Laat ons ook bid dat ons Hemelse Vader sy Woord op ons lippe sal lê dat ons voortdurend 'n hoorbare, maar ook 'n sigbare getuie in ons optrede daarvan sal gee.

Sing: Psalm 9:1, 7, 8 (1936)

Ds. C Jooste (Wonderboompoort)